

Antwoordsleutel: Moontlike antwoorde

Son en Maan – Hennie Aucamp

1. "'n San-mite". Dit verskaf inligting oor die gedig – dit is 'n San-mite wat vertel word.
2. "Die Son is vol en rond" of "is net somtyds rond."
3. Waarom Maan groei en inkrimp.
4. a. "sieklik"
b. "somtyds"
5. a. personifikasie
b. 'n Mens sien net 'n gedeelte van die maan en hy is liggeel van kleur.
6. Nee, die storie verklaar waarom Son jaloers was – die maan is mooier as die son en die mense het meer van die maan gehou.
7. baie/vreeslik/verskriklik
8. "tot later"
9. bietjie
10. iets belangriks gaan volg.
11. Hy was benoud Son gaan hom vernietig.
12. Iemand gaan praat.
13. Maan begin weer groei.
14. Leerder se respons: Hy het groter geword tot dit weer volmaan was en toe het Son hom weer kleiner gemaak.
15. Dit digter het 'n San-mite in digvorm oorvertel.
16. Leerder se respons met motivering. Maan, want Son is baie sterker as hy./Son, want Maan het nie eintlik waarde nie.
17. Die son skyn ook op die maan. Die maan wentel/draai om die aarde en soms skuif die aarde tussen die son en die maan in – dan val die aarde se skaduwee op die maan en sien ons net 'n deel van die maan.

Taalvrae (verryking)

18. Daar bly later net 'n ietsie oor van die maan.
19. Son wil graag vir Maan uithol.
20. Maan pleit met 'n benoude stem dat Son asseblief één ribstuk moet laat oorbly.
21. Wat het Maan vir Son gevra?/Wat wou Maan van Son hê?
22. Wanneer die maan soos die laaste ry mane lyk, sê ons in Afrikaans dit is sekelmaan vanaand.

Die tweegeveg – Breyten Breytenbach

1. Geveg tussen twee mense nadat die een die ander uitgedaag het.
2. Letterlike vlak: Een van die vegtendes. Metaforiese vlak: Die digter.
3. Waar: "Touché" of "voel"
4. "sugtend"
5. Klink geheimsinnig en is ook die kleur van ink wat die digter gebruik wanneer hy skryf.
6. Swaardgeveg
7. Die spreker word met die swaard gesteek.
8. Die stryd om gevoelens in taal uit te druk.
9. "En"
10. Dit is 'n stryd wat enige digter deurgaen.

11. Leerder se respons, byvoorbeeld: Ja, as die swaard in sy keel steek, beteken dit sy "stem" is van hom weggeneem, met ander woorde hy kan nie meer skryf nie./Nee, dit is maar net om die gedig meer dramaties te maak.
12. a. Die geskrewe woord kry meer reg as geweld.
b. Leerder se respons, byvoorbeeld: Dis vir hom soos 'n stryd om lewe en dood/hy kan dit op 'n humoristiese manier doen.
13. Ja, want dit word gebruik in 'n swaardgeveg.

Taalvrae (verryking)

Uitdrukkings:

Van jou pen lewe	'n Bestaan deur skryfwerk maak.
Na die pen gryp	Regmaak om te skryf/deur middel van skryfwerk aan te val of te verdedig.
Die pen is magtiger as die swaard	Dit wat 'n mens skryf kan gevaarliker wees as geweld.
Die pen opneem	Begin skryf.
'n Tweesnydende swaard	Iets wat twee teenoorgestelde uitwerkings kan hê.
Jou pen in gal doop	Bitter goed skryf.

Windroos – Breyten Breytenbach

1. Dit wys vir ons dat die spreker onseker is.
2. 'n Windroos is 'n soort kompas. Jy sal dit gebruik om koers te hou of jou rigting te vind.
3. Strofe 1: Die boot word voorberei vir die reis.
Strofe 2: Die voorraad word aan boord gelaai.
Strofe 3: Alles is gereed vir die reis.
Strofe 4: Dit is 'n onmoontlike reis, want daar is nie 'n see nie.
4. Die geliefde moet die wit seile uithang, die boothuis verf, die vars water oplaai, die kos oplaai, die pik aansmeer en 'n duif teen die hoogste kruismas vasspyker (enige drie).
5. Dit is 'n teken van vrede/onskuld.
6. Blou is 'n kleur van vrede en rustigheid. Dit wys vir ons hoe gelukkig en tevrede die spreker by sy geliefde voel.
7. Die boot simboliseer reis.
8. Ja, want hy sê "o vandag nog ... vaar ons uit".
9. Die herhalende klanke bind die gedig tot 'n eenheid saam.
10. Hy sê "want mens weet nooit" nie. Hy berei dus voor vir die reis, al weet hy nie wanneer dit gaan gebeur nie.
11. Die letterlike reis is 'n reis per boot na 'n ander land, waarskynlik die vaderland. Dit is egter ook 'n figuurlike reis, wat verwys na die reis na die lewe na die dood.

Dis al – Jan F. Celliers

1. Die omgewing word beskryf.
2. Strofe 2 beskryf die optrede van die "balling", wat hy tuis aantref en hoe hy reageer.
3. Die sorgvrye voël in die lug kontrasteer met die graf en met die huilende persoon.
4. Dit vestig ons aandag op die feit dat alles gesê is, maar dat dit nie regtig "al" is nie.
5. Ja, elke strofe is 'n enkele sin wat begin met 'n hoofletter en eindig met 'n punt.
6. Die persoon is waarskynlik 'n krygsgevangene wat teruggekeer het huis toe na die oorlog.
7. Hy is weggestuur uit sy land of hy het gevlug uit die land.

8. Hy was in 'n oorsese land, want hy het oor die "oseaan" (versreël 8) gekom.
9. Sy geliefde is dood terwyl hy weg was.
10. Hy staan langs sy geliefde se graf.
11. Die versreël verskil van die ander versreëls, net soos wat die voël verskil van die persoon wat teruggekom het.
12. Hy het self uit Suid-Afrika gevlug, omdat hy nie onder Engelse bewind wou woon nie.

Taalvrae (verryking)

1. liggeel
2. a. Die voël is eensaam, want hy vlieg alleen.
b. Daar is niks meer om te sê nie – dis al.
3. Die balling staan by die graf, want sy geliefde is dood.

Luisterswaeltjies – T.T. Cloete

1. Hulle luister die mense se telefoongesprekke af.
2. Leerder se respons, byvoorbeeld: Hulle kla oor die koue winter wat op pad is en dat hulle wens hulle was eerder in die noordelike halfmond waar dit lekker warm is.
3. Hulle luister na die telefoongesprekke.
4. Uit die suide/vanaf die Suidpool
5. a. praat
b. warm
c. welige
6. Die mense
7. a. Tipografiese wit
b. Om te wys daar volg 'n nuwe gedagte.
8. "knieserig," "brom", "barre" (enige twee)
9. Dit pas by mense wat kla oor die koue in die winter.
10. Dit bind gedagtes saam wat bymekaar hoort.
11. die kort woorde/harde klanke/negatiewe woorde
12. presies
13. Onwaar, want hulle bel mekaar om te vertel hoe sleg dit is.
14. Die mense brom oor die koue, maar die swaeltjies doen iets daaromtrent.
15. Hulle hou nie van die koue nie.
16. Leerder se respons. In die een foto lyk dit asof die swaeltjies na die telefoongesprek luister en in die ander lyk dit asof hulle vir mekaar vertel wat hulle volgende moet doen – hulle moet vinnig trek, want die koue kom.
17. Leerder se respons, byvoorbeeld: Ja, dit is 'n oulike manier om te verklaar waarom die swaeltjie altyd op die telefoondraad sit./Nee, dit is verspot om te dink dat swaeltjies mense se gesprekke oor die telefoondraad kan hoor.

Rondom my – Dawie de Jager

1. Dat die spreker sy geliefde by hom wil hê.
2. Hy moet rustig wees en nie oorhaastig optree nie.
3. paarrym: *aa*
4. Hy tree oorhaastig op.
5. a. metafoor
b. Hy kan die hartseer in haar oë lees.
6. "Kom wys my wie jy is en wie jy graag wil wees./Kom wees net jy, kom wees net jy."
7. Leerder se respons, byvoorbeeld: Sy het seergekry in 'n liefdesverhouding./Sy is bang om betrokke te raak./Sy ken hom nie goed genoeg nie.
8. "Kom wees net jy"

PalimpSES – Johann de Lange

1. PalimpSES is ou perkamentrolle wat afgevee is en weer op geskryf is.
2. Die bome is stil. Dit is personifikasie, want 'n menslike eienskap word aan die bome gegee.
3. Daar is geen wolk in die lug nie.
4. In strofe 1 word op die bome gefokus, asook die mense wat die bome tot papier verwerk. In strofe 2 word op die skrywer gefokus.
5. Bome het jaarringe wat hulle ouderdom verklap. Die skrywer skryf dus letterlik op hierdie jaarringe. Op figuurlike vlak beteken dit dat wat hy skryf, uitkring na ander mense toe.
6. Die enjambement bind gedagtes in die strofes saam.
7. Dit wyk af van die gewone reëls van 'n Engelse sonnet.
8. Die bome het aanvanklik geskryf, maar niemand het dit verstaan nie. Nou skryf die digter weer op dieselfde bome en dra die boodskap oor. Daar word dus twee keer op dieselfde hout geskryf.
9. Hy skryf soggens: "oggend" (versreël 14).
10. Die skryfproses, asook die feit dat 'n mens uit wat vernietig is, weer iets kan skep wat mooi is.

Droogte in Namakwaland – Thomas Deacon

1. Die titel sê waaroor dit gaan en die inhoud teken die prentjie.
2. Dat daar net so hier en daar 'n bossie is – verder net sand.
3. Leerder se respons, byvoorbeeld: Hy is al oud/kry swaar in die droogte.
4. Alleenplasing
5. Dis baie warm met bossies wat yl staan. 'n Gehawende kraai stap trippelpoot oor die warm sand op soek na kos. Dieper in is 'n boerbok wat 'n tkamaroe vreet om vogtigheid te kry.
6. a. "brandpoot", "sand", "droogland", "brand", "diepkant"
b. Hierdie woorde beskryf die toestande in die warm, droë streek.
7. Leerder se respons, byvoorbeeld: Nee, want die kraai loop dié kant en dieper in sien die spreker die bok. As daar tussenin ander diere was, sou hy dit genoem het.
8. Hy kap die woord af sodat die een helfte aan die einde van die versreël is en die ander helfte aan die begin van die volgende versreël. Sodoende kry ons woordspeling: jy lees en verstaan die woord as geheel, maar ook die betekenis van die aparte dele van die woord. Albei staan in bevoorregte posisies.
9. "lekker"
10. a. Geen vaste reëllengtes of vaste rymskema nie.
b. Ritme, alliterasie, assonansie, enjambement, rymwoorde.
11. Leerder se respons, byvoorbeeld: Ja, dan is jy op jou eie en hoef jy nie die stadslawaai te verduur nie./ Nee, dit is te eensaam met geen vriende om mee te kuier of winkels en plekke om na te gaan nie.

Vlug – Thomas Deacon

1. Hulle moes vlug voor die vyand nadat die res van die familie vermoor is.
2. a. Twee Namavroue. Die ma en dogter.
b. Namibië
c. Hulle was in 'n oorlog met die Duitse oorheersers betrokke.
d. Annakoppe by Pella in Suid-Afrika
3. Net ek en Ma het op ons grond oorgebly.
4. "sonner"
5. "van dese tyd af aan/was ék die moeder"
6. Onwaar, sy praat van "ou moeder".
7. Naby Annakoppe
8. Nee, want die spreker praat van 'n spesifieke oorlog en spesifieke plekke.
9. Sy het nie meer haar eie grond gehad nie.
10. a. B Haar ma het nou tot rus gekom.
b. Alleenplasing
11. Leerder se respons afhangende van die jaar, byvoorbeeld: Ja, in Noord-Afrika probeer die mense oor die see na Europa vlug omdat daar so baie oorloë is.
12. Ja, want daar is randjies en gebergtes in die agtergrond. / Nee, want sy is in die veld begrawe.
13. Leerder se respons.

Papegaai – Clinton V. du Plessis

1. Die mense wat die papegaai in die hok gesit het.
2. Vryheid versus gevangeneskap./Natuur versus onnatuurlik.
3. Die ystergordyn (voëlhok) is 'n metafoor vir die papegaai se gevangeneskap. Hy word geïsoleer van ander papegaaië.
4. Die papegaai se omgewing is onnatuurlik.
5. Die papegaai herhaal bloot alles wat gesê word, maar dit het vir hom geen betekenis nie.
6. Hy sal nooit weer vry buite kan rondvlieg nie.
7. "sinnelose" kan twee betekenis hê. Op letterlike vlak beteken dit dat die papegaai nie sinne (*sentences*) maak nie, maar op figuurlike vlak beteken dit dat hy nie sin (*sense*) maak nie.

Tien haikoes vir die Vredefortkoepel – Hans du Plessis

1. Dit verwys na die skeppingsverhaal in die Bybel.
2. a. "klief/'n klipvuis en klap lewe
b. "ons winternis weg"
c. "mens-dom middeldeer"
3. Haikoe 1: Die meteoriet val op die aarde.
Haikoe 2: Die skeppingsproses begin weer.
Haikoe 3: Water wat lewe bring, word geskep.
Haikoe 4: Die aarde/grond word beskryf.
Haikoe 5: Die plantegroei begin weer lewe.
Haikoe 6: Die mens word geskep.
Haikoe 7: Die gebied is wêrelderfenisterrein, maar ons vernietig dit.
Haikoe 8: Die natuur kry swaar as gevolg van die mens se misbruike.
Haikoe 9: God stap 'n pad met ons almal.
Haikoe 10: Die mens sal vernietig word, maar nuwe lewe sal weer begin.

4. Die mens het dit besoedel.
5. Volgens die skeppingsverhaal is die mens uit stof geskep. Dit verwys dus na die skepping van die mens.
6. Die mens verniel die natuur.
7. Die aarde sal weer vernietig word as gevolg van aardverwarming.
8. Die einde van al die mense, want die enigste verskoning wat ons kan gee, is om dood te gaan. Dan sal ons ophou om die wêreld te vernietig.
9. water, grond en plantegroei, asook diere en voëls.
10. Rook en roet
11. Die natuur word vernietig deur die mens. Die kontras is dat die mens onnatuurlike dinge na die natuur bring, byvoorbeeld byle en sae.

Huiskat – Elisabeth Eybers

1. Dit handel oor 'n huiskat.
2. Die kat lyk net soos 'n luiperd (wilde dier).
3. Sy lek haarself skoon en lê in die son.
4. Sy word met 'n reptiel vergelyk, want haar oë toon geen emosie nie.
5. Enige geskikte antwoord, byvoorbeeld: Ja, mense kan baie naer met diere wees. OF Nee, die kat behoort haar huismense te ken.
6. Die enjambement boots die bewegings van die kat na.
7. Enige geskikte antwoord, byvoorbeeld: Dit is baie effektief, want 'n mens kan eintlik die kat sien beweeg terwyl jy die gedig lees.
8. "strak bene"; "luiperdlies"; "fluwelig"; "vloeibaar"; "koud"; "los"; "lenig".
9. "koud"; "arglistig"; "smalend"
10. Die kat se oë is "Smal skerwe van agaas" (versreël 6).
11. Nee, dit lyk net so. Katte hou daarvan om in die son te lê en warm te bak, veral in die winter.
12. Enige geskikte antwoord, byvoorbeeld: Ek dink die kat tree bloot op soos 'n kat. OF 'n Mens sou verwag dat die kat meer liefde vir haar huismense sal wys.

Krisis – Elisabeth Eybers

1. Daar is 'n krisis tussen die hart en die verstand, met ander woorde die persoon se emosies en die persoon se verstand stem nie ooreen nie.
2. Hulle word gepersonifiseer, asof hulle aparte persone is met wie geredeneer kan word.
3. Die aanvanklike reis van die Hart en die Hoof was "lieflik" (versreël 3), maar nou is dit gevaarlik, want die pad loop "langs klowe, afgrond en moeras" (versreël 5).
4. Die verhouding is nie meer lekker/aangenaam nie.
5. Hart is voortvarend, 'n lafaard, kan nie besluite neem nie en gee dwase raad.
6. Die Hart se optrede was onvoorspelbaar.
7. Die Hart verwar die Hoof en dan kan die Hoof self nie besluite neem nie.
8. Die spreker sê dat hulle "moet" skei. Dit is dus nie 'n besluit uit vrye keuse nie.
9. Dit gee 'n gevoel van gejaagdheid/dringendheid aan die gedig, asof die besluit vinnig geneem moet word om verdere moeilikheid te voorkom.
10. Sy of hy voel dat Hart hom of haar in die verkeerde rigting stuur.
11. Enige geskikte antwoord, byvoorbeeld: Ja, mense sal dikwels besluit om nie meer lief te wees vir iemand nie, want hulle weet daardie persoon is nie goed vir hulle nie. Dit is egter 'n moeilike besluit.

Ek het 'n huisie by die see – H.A. Fagan

1. Die gedig vertel vir ons dat hierdie persoon sy of haar lewe op geloof bou. Niks of niemand sal dit kan vernietig nie.
2. Dit wys vir ons hoe weerloos die huisie is.
3. Dit is nag, die golwe slaan hard en die winde waai.
4. Dit is koud en onveilig buite die huis, maar dit is veilig en warm binne die huis.
5. Dit boots die golwe na wat die hele tyd teen die rotse slaan.
6. Dit laat die nag spokerig klink.
7. Ja, ons is bewus daarvan dat die huisie in gevaar is.
8. Dit laat die gedig 'n eenheid vorm.
9. Hy of sy maak gebruik van gehoor en sig.
10. Die huisie is die metafoor vir die persoon se geloof.

Taalvrae (verryking)

11. golf
12. oseane
13. vensters

die dag op nuweland – Jeanne Goosen

1. Dit handel oor 'n rugbywedstryd wat op Nuweland in Kaapstad plaasvind.
2. Die rugbyspelers raak al hoe meer gehawend soos wat die wedstryd voortgaan./Die toeskouers raak al meer opgewonde.
3. Enige geskikte antwoord, byvoorbeeld: Nee, die spreker kyk meer na die toeskouers as na die wedstryd.
4. Die spreker praat van "ons". Dit beteken dat hy of sy deel van die groep voel.
5. Die spreker is senuweeagtig, omdat die meisie van Swellendam baie vinnig brei. Dalk is hy/sy bang dat sy haarself sal beseer.
6. Ja, want sy brei al hoe vinniger soos wat die wedstryd spannender word.
7. Haar kêrel speel dalk in die wedstryd, of dalk vind sy dit makliker om die spanning te verwerk as sy haar hande besig hou.
8. Dit is baie effektief, want ons kry 'n goeie beeld van hoe die spelers lyk en hoe gewelddadig die wedstryd is.
9. Dit is 'n simbool van onskuld.
10. Die wedstryd en die pogings van die rugbyspelers het nie 'n indruk op haar gemaak nie.
11. Die herhaling bind die gedig tot 'n eenheid.
12. Enige geskikte antwoord, byvoorbeeld: Ja, 'n rugbywedstryd kan nogal gewelddadig raak.
13. rooi ("bloederig"); mislikgroen; blou; pers; sneeuwit
14. Die verskillende kleure maak die gedig lewendig. Ons besef dat dit 'n gemors kan wees, omdat daar so baie verskillende kleure is.

Reiniging? – Franci Greyling

- rein
 - suiwer, onbevlek, onbesmet/sonder sonde
- Versreël 5 tot 7
 - Versreël 2 tot 4
 - Versreël 1
- Ja, want dit laat die leser verstaan dat die water eintlik besoedel is.
- Dit die leser laat dink oor die probleme wat die gedig aanspreek (*address*).
- Reiniging beteken dat iets skoongemaak en suiwer gemaak word. Hier gebeur presies die teenoorgestelde.
- “swaar” verwys na uraan wat gevaarlik is en “diep” verwys na die metale wat afsak en op die bodem lê sodat dit altyd ’n bedreiging is.
- “slik” is die teenoorgestelde van “helder” en die “Oog van Wonderfontein” wat opborrel en skoon is, staan in kontras met die “diep swaar metaal” wat onder op die bodem lê en die water besoedel.
- “dompel”
- Geen vaste ritme, rym of reëllengtes nie.
 - Om eenheid te skep.
- “slik”
- “dompel ’n priester dopelinge”
- Dit kan kanker en ander siektes veroorsaak.
-

Om iemand in die oog te hou. (letterlik)	Om iemand dop te hou.
Ek het hom uit die oog verloor.	Ek kan hom nie meer sien nie.
Met die blote oog sien.	Ek kan dit sonder ’n bril sien.
Uit die oog uit die hart.	As jy ’n persoon nie meer sien nie, vergeet jy van hom.
Gee pad onder my oë.	Bly weg van my.

boekmerk – Marlise Joubert

- Op letterlike vlak verwys die titel na ’n regte boekmerk. Op figuurlike vlak verwys dit na die invloed wat ’n mens op ander mense se lewens kan hê.
- Dit is ’n eksterne verteller wat insae het in die onderwyseres se gemoed, want daar word na die onderwyseres in die derde persoon verwys (“sy”).
- Hulle is baie woelig. Hulle hardloop met hulle arms uitgestrek en maak lawaai.
- Hulle kla oor die werk wat hulle moet doen.
- “met wange soos mossies”
 - Een van: “hande altyd woerende vlerke” of “elke lyfie ’n seilende gesang”.
- Sy ruik die jasmyn en dit laat haar dink aan toe sy op skool was.
- Dit is ’n aangename herinnering, maar dit bring ook onaangename herinneringe terug.
- Die enjambement laat die gedig vloei en boots die beweging van die kinders na.
- Hulle vra vrae oor dinge wat ver is of “hier” is en waarom hulle moet leer.
- Sy probeer hulle entoesiasies maak en dit vir hulle lekker maak deur alles saam met hulle te doen.
- Hulle word voorberei vir die lewe – om gereed te wees vir die “oorlog” van die lewe.
- Enige geskikte antwoord, byvoorbeeld: iemand wat iets moois vir jou gesê of gedoen het; ’n aangename herinnering.
- Ons het ’n invloed op ander mense. Dit kan positief of negatief wees.

'n Mite – Kobie Korf

1. Mnr. Mandela is vir ons 'n heldefiguur wat ons nasie gered het.
2. b. sy lewe vir ons 'n paar lesse kan leer.
3. aan die
4. Hy moes letterlik klippe kap – hardarbeid verrig toe hy in die tronk was.
5. Dit was die tronk waar mnr. Mandela aangehou is.
- 6.

"swart pimpernel"	Sy bynaam omdat die polisie lank gesukkel het om hom te vang.
"David Motsamayi"	'n Skuilnaam wat Nelson Mandela gebruik het.
"Motorbestuurder"	Nelson Mandela het voorgegee (<i>pretended</i>) dat hy een is.
"prisonier"	Nelson Mandela was in die tronk.

7. d. Die spreker beklemtoon so die woord "eiland" en plaas dit in 'n bevoorregte posisie.
8. Dit beteken David Motsamayi was nie sy regte naam nie.
9. Die leser rus voor en na 'n komma en so word elke woord beklemtoon.
10. Daardie tyd het baie mense gerook. As jy gereeld rook, sal niemand snaaks dink as jy die vuurhoutjiedosie rondra nie. Gevangenes kan so maklik vuurhoutjiedosies "uitruil" met boodskappe binne-in geplaas.
11. Progressie vanaf voortvlugtige, na prisonier, na 'n president wat die leier van die parlement is.
12. Onwaar, want die gedig verwys na "óns president".
13. Dit klink onwaar/dit klink onmoontlik.
14. Leerder se respons, byvoorbeeld: Ja, want hy sal ook in die geskiedenis geëer word.
15. Leerder se respons, byvoorbeeld: vriendelik/gemoedelik/eerlik/innemend.

Ken jy die see . . . – Uys Krige

1. "Dan sê jy nog, Meneer, die vis is duur."
2. Hy spreek die koper so aan – gebruik dit as 'n eienaam.
3. Dit dui aan dat hy meer gaan vertel./Dit verhoog die spanning.
4. *ababb*
5. a. "bulderende"
- b. "st^lil, soet"/"dae, dae lank sal du^rur"/"bries 'n bulderende wind"
- c. personifikasie
6. b. "stil" en "bulderend"
- d. "bries" en "wind"
7. vergelyking
8. "ons" is die vissers en "hy" is die dood.
9. Leerder se respons, bv.: Nee, want hulle het kos op die vuur gemaak.
10. Leerder se respons, bv.: verskriklike angs (*agony, mortal fear*)
11. Leerder se respons, bv.: Wanneer dit onweer is, kry die see 'n donkergroen kleur.
12. Leerder se respons, bv.: Ja, enigiemand behoort bang vir die see te wees./Nee, dit is deel van hulle lewe en hulle is gewoon daaraan.
13. a. Mev. Mathee sit elke dag en wag vir haar seuns: Waar – "telkens . . . oor die golwe tuur".
- b. Mev. Mathee dink haar seuns lewe nog. Waar: "Sy dink dié briesie bring haar seuns betyds vir tee".
- c. Al drie mev. Mathee se seuns is dood. Waar: "aldrie agter die kerkhofmuur".
- d. Mev. Mathee kon dit nie verwerk dat al haar seuns dood is nie en het haar kop verloor/waansinnig geraak. Waar: Hulle is al begrawe en sy besef dit nie.
14. Versreël 6 en 8

pryslied – Antjie Krog

1. Nelson Mandela
2. Dit verwys na mnr. Mandela wat op 10 Mei 1995 in die amfiteater van die Uniegebou gestaan het.
3. uNosekeni
4. Thembu-stam
5. "houtschool en as is sy hare"
6. "ratelaar"
7. a) Onwaar: "houtschool en as is sy hare"
b. Onwaar: "opspoorder van harte"/"hy draai ons na mekaar toe vir mekaar"
8. Sy nalatenskap lê wyd – selfs oor die wêreld is hy geëer.
9. a) "die swart pimperl"
b. Die polisie het lank gesukkel om hom te vang.
10. Leerder se respons: Nee, hy is wêreldwyd geken en geprys, bv.: Die mense oorsee weet nie waar Suid-Afrika is nie, maar hulle weet wie Mandela was.
11. Leerder se respons

Wetenskapmannetjies – Antjie Krog

1. Wetenskaplikes en wiskundiges
2. Strofe 1: Die wetenskapmannetjies kyk na die son en maak berekenings. Strofe 2: Die spreker kyk liever na die sonsondergang omdat dit mooi is. Strofe 3: Sy sê sy waardeer liever die natuur omdat dit mooi is en konsentreer op dinge wat haar laat goed voel, want syfers bring alleenheid.
3. a. Definitief: sonder twyfel en "as 't ware": 'n mens kan maar so sê/so te sê.
b. Dat sy dit nie regtig glo nie/dat dit nie vir haar baie saak maak nie.
4. a. "Julle" kyk na die son as iets wat hulle ondersoek. Hulle maak berekening. "Ons" kyk hoe mooi die son is, waardeer dit as deel van die natuur.
b. Leerder se eie respons.
5. "hoe die son sy kop stamp"
6. Die verandering in die posisie van die son en die kleure word beskryf: Eers sien jy net die rooi kleur, dan hoe die lug en wolke rondom skakerings van rooi kry en dan as die son wegraak, begin die voorwerpe soos bome al donkerder word totdat 'n mens net hulle donker afbeeldings teen die rooi lug kan sien. Die tipografie werk saam omdat die versreëls langer word soos die skaduwees langer word.
7. Leerder se respons. Waarskynlik NEE, want sy het prentjies geteken wanneer sy moes huiswerk doen.
8. Hulle werk op hulle eie – sit nie saam met vriende en geniet die sonsondergang nie.
9. Leerder se respons – wanneer jy hoog sit, kan jy verder sien.
10. a. Leerder se respons, bv.: Sy was nie baie geïnteresseerd nie.
b. Leerder se respons.
11. Leerder se respons, bv.: Op die platform net onder die lemme.

Eksamenlokaal – Suzaan Laing

1. Banke en stoele in rye gerangskik met 'n spasie tussen banke. Vraestelle en papier om die antwoorde op neer te skryf. 'n Horlosie sodat leerders die tyd kan dophou en 'n toesighouer.
2. Die eerste strofe gaan oor die onderwyser/toesighouer wat tussen die leerders se banke deurloop terwyl sy toesig hou. Strofe 2 gaan oor die bladsye wat kraak wanneer die leerders omblaai. Strofe 3 beskryf hoe hulle die antwoorde neerskryf en strofe 4 vertel hoe die tyd verbygaan. Die laaste strofe gaan weer oor die onderwyser/toesighouer wat die antwoordstelsel insamel.
3. a. "tjoepstil" is die intensiewe vorm van stil – dus doodstil.
b. Dit is personifikasie. Die spreker verwys eintlik na die leerders wat eksamen skryf.
4. Daar is leerders/'n toesighouer/banke/vraestelle en antwoordstelsel/penne om mee te skryf.

5. Hoor: "Nou en dan kraak die blaai van 'n blad".
Sien: "hande bewe met rukke oor skoon wit velle".
6. "inkwarboel"
7. Waarskynlik graad 12. "die Septembereksamenlug" dui aan dat dit die Septembereksamen is wat die graad 12's gewoonlik skryf.
8. Personifikasie: Die werkwoord "tel" word gebruik en net 'n mens kan tel.
9. Die antwoorde is met blou ink op wit papier geskryf: Dit is 'n bewys dat hulle geskryf het en dit is bewys van hoeveel kennis hulle het.
10. Leerder se respons, bv.: Ja, want die onderwyser kan nou sien of die kennis en inligting wat sy gesaai het in vrugbare grond geval en 'n goeie oes opgelewer het – die leerders het die werk verstaan en ken dit.
11. Waar. Alle kinders oral ter wêreldskryf eksamen.
12. Leerder se respons.

Die dans van die reën – Eugène N Marais

1. Dit gee vir ons 'n aanduiding waaroor die gedig gaan. Ons weet dat dit lirieë gaan wees, want dit handel oor 'n dans en oor 'n lied.
2. Ons verwag dat dit lirieë gaan wees, omdat dit oor 'n dans en 'n lied gaan.
3. Sy loer oor die bergtop, sy lag saggies, sy wink met die een hand, sy roep saggies, sy vertel die winde van die dans en sy nooi hulle uit.
4. Strofe 1: Daar is 'n belofte van reën.
Strofe 2: Die diere reageer op die koms van die reën.
Strofe 3: Die reën arriveer op die aarde.
5. Dit verwys na die donderweer.
6. Die reën het nog nie gekom nie.
7. Die suisgeluid boots die wind na.
8. "want die werf is wyd"
9. Gehoor, sig en reuk.
10. Dit handel oor die reaksie van die diere op die reën.
11. Dit beklemtoon die feit dat sy hulle "Suster" is. Dit beklemtoon ook die feit dat hulle opgewonde is oor haar koms.
12. Enige van die volgende:
"haar armband blink en haar krale skitter" (versreël 6) – die weerlig
"haar krale skud" (versreël 18) – die donderweer
"haar koperringe blink" (versreël 19) – die weerlig
13. Enige van die volgende:
Die hele gedig is 'n voorbeeld van personifikasie, want die reën word as 'n vrou/mens/suster voorgestel. "die asem van die wind raak weg" (versreël 23) – die wind word as 'n mens voorgestel.
14. Die reën het eers oor die bergtoppe geloer. Nou het sy aangekom.
15. Die inkeping stel die dans van die reën visueel voor.

Die heks van Hexrivier – Philip Nel

1. In die Hexriviervallei
2. Sy het vanaf Drakenstein gekom (kan ook sê Frankryk).
3. Sy was deel van die Franse Hugenote wat weens vervolging van Frankryk na Suid-Afrika gevlug het.
4. Sy het pragtige oë gehad.
5. Elize was baie mooi. Sy het die jong man gevra om vir haar 'n rooi disa te pluk om sy liefde te bewys. Die disa het hoog in die berge gegroei. Hy het van die krans geval en is dood. Sy het ná haar eie dood in die kranse gespook.
6. Ja, hy is aangetref met die disa in sy hand. Dit beteken hy het dit reeds gepluk.
7. Sy spook op daardie plek op maanlignagte.
8. Die refrein gee 'n musikale gevoel aan die gedig. Dit beklemtoon die gebeure. Die verandering van "sou" na "wou" beteken dat dit nou te laat is.
9. "met winde wat huil deur die klowe". Die wind word 'n menslike eienskap gegee.
10. Enige van die volgende:
"Hexrivier se heide teen die berghange" (versreël 1)
"met winde wat huil deur die klowe" (versreël 15)
11. assonansie
12. Die gedig bevat die volgende: 'n verhalende element, emosionele ondertone, tragiese tema, herhalende refrein, beskrywings, dit is klankryk en het 'n sterk ritme.

Ballade van die Grysland – D.J. Opperman

1. Hy sê daar is "rook en mis" (versreël 2).
2. Hy reis per trein.
3. Hy verwys na die son.
4. Sy verwysingsraamwerk (*frame of reference*) is die plaas./'n Mens vergelyk gewoonlik die onbekende (*unknown*) met die bekende (*known*). Hy vergelyk die stad met 'n dam, dalk op 'n plaas.
5. Dit was sy eerste werk in die stad.
6. Hy was jaloers op wat hulle gedoen het en moontlik (*possibly*) op die geld wat hulle verdien het.
7. Die speel van 'n klavier kontrasteer met die toevou van sjokolade in papier. Die een is 'n kreatiewe aktiwiteit, terwyl die ander nie kreatief is nie/outomaties is.
8. 'n Saag kan nie gil nie – net mense kan gil. Die spreker gee 'n menslike eienskap aan die draaisae. Dit is dus personifikasie.
9. Hulle het hom geïrriteer, want hulle het "geneul".
10. Die spreker het bedrog gepleeg. Hy kon dus vir hom die "paradys" koop./Hy is tronk/inrigting toe gestuur – weg van die stadslewe af.
11. 'n Man gaan werk in die stad. Eers doen hy hande-arbeid, maar later werk hy in 'n fabriek en dan word hy 'n bestuurder. Hy steel geld. As gevolg daarvan kan hy "ontsnap". Dit is egter 'n ironiese ontsnapping, want hy sal nooit weer vry wees nie.
12. Enige geskikte antwoord, byvoorbeeld: Ja, dit is 'n ballade, want dit het 'n sterk ritme en vertel 'n tragiese verhaal./Nee, ek dink dit het kenmerke van 'n ballade, maar die titel word ironies bedoel.
13. Enige geskikte antwoord, byvoorbeeld; Ek dink hy het oneties (*unethical*) opgetree, want 'n mens mag nie steel nie./Ek sou ook so opgetree het, want dit is moeilik om genoeg geld te verdien.

Klara Majola – D.J. Opperman

1. Klara Majola se blinde pa het gaan hout soek om vuur te maak vir die winterkoue. Toe hy teen skemer nog nie terug is nie, het sy hom gaan soek. Sy het egter in die donker verdwaal en het die nag in die koue verkluum.
2. “verkluum”
3. “kapok”
4. “Klara Majola wou haar vader”. Die lang a-klank herhaal die klank in Klara se naam en beklemtoon dit op hierdie manier.
5. a. Sy was bang haar pa gaan verdwaal en toe verdwaal sy self.
- 6.

“haar arms en bene bruin/en kromgetrek soos wingerdstok”	Vergelyking
“nooit sal ek in die Bokkeveld/so warm, Klara Majola, soos jy verkluum.”	Paradoks
“Klein Klara Majola lê verkluum”	Alliterasie
“die koue geweld sif stadiger oor my uit die ruim”	Metafoor

7. a-assonansie, herhaling, haar naam staan telkens in die bevoorregte posisie aan die begin van die versreël en in die laaste versreël word haar naam beklemtoon deur die pouse vóór en ná haar naam wanneer die leser by die kommas 'n oomblik wag.
8. Hulle is waarskynlik hard/kromgetrek, leweloos en skurf.
9. Ja, want die verhaal begin waar sy verdwaal het en eindig by vandag.
10. Waar. “Klara Majola het verdwaal!”
11. Leerder se respons, byvoorbeeld: Ja, want as dit koud is, pyn alles en 'n mens begin bewe; om koud te kry is aaklig.
12. Ja, want as alles wit is, kan jy niks onderskei nie en alles lyk dieselfde.

Sproeireën – D.J. Opperman

1. kaneel, anys en nartjie.
2. Daar word na die reuksintuig verwys.
3. Geure laat 'n mens dink aan vroue./ Elke vrou is so uniek soos haar geur.
4. Dit veroorsaak 'n sproeireën.
5. Dit laat hom dink aan sy meisie en aan die nartjieboorde.
6. Dit gee aan die gedig die voorkoms van 'n liedjie.
7. “My nooi is in 'n nartjie” (versreëls 1 en 12).
8. Dit beklemtoon hierdie strofes en wys vir ons dat dit anders is as die tweede strofe.
9. Hy bewonder vroue.
10. Hy voel positief oor vroue, want hy sê hulle kan troos/die uitroepetekens en die “O”-uitroep bevestig dit.
11. Enige geskikte antwoord.

Haar uitvaart – P.J. Philander

1. Dit beteken “vertrek” en word vir die dood gebruik.
2. Ons leer dat dit hier handel om die weggaan/dood van 'n vroulike persoon.
3. Die dogtertjie was siek. Sy is deur haar ouer, moontlik haar pa, hospitaal toe geneem. Op pad na die hospitaal toe is sy dood.
4. Dit wys vir ons dat hy oor 'n dogtertjie praat. Dit wys ook vir ons dat sy nog baie klein was en dit maak die geveg wat sy met die dood het, nog meer hartverskeurend (*poignant*).

- Die ellips gee die spreker 'n ruskans. Dit laat die leser dink oor wat nie gesê word nie. Dit is te pynlik vir die spreker om te praat oor wat gebeur het.
- "het hul gemaal" of "halfweg na die hospitaal".
- Sy hart is gebroke, want hy vind dit moeilik om daaroor te praat soos wat die ellips vir ons wys.

In liefde se skaduwee – Rudolph Pretorius

- in chaos
- Die onderste deel van die berg (*the foot of the mountain*). Hy bedoel daarmee dat hy gebroke is.
- Dit is baie hard, sonder genade, sonder enige lewe.
- onderskei tussen die verskillende stylmiddele:

"Soek ek na jou spore"	Alliterasie en inversie/omgekeerde woordorde
"mens"	Alleenplasing
"drink ek van die stroom van bittersoet"	Oksimoron en alliterasie
Sal jou ganna weer in my bors groei?	Retoriese vraag en metafoor
"Wortelskiet by ouma se graf"	Metafoor en kontras
"Weerbegin se vlakke"	Metafoor

- Dit plaas klem op die woord wat alleen staan.
- Sal ek ooit weer liefkry?
- Dat hy weer gaan probeer om lief te hê.
- Moedeloos. Hy lê aan die voet van die berg, hy sê hy is "lank verlaat".
- Leerder se respons

Hanswors – S.J. Pretorius

- Enige geskikte antwoord, byvoorbeeld: aan die sirkus, of aan grappe.
- Die mense se lelike houding teenoor hom was vir hom erger as die liggaamlike pyn.
- Sy klere is stukkend.
- Sy ma
- Hulle het gedink hy is dronk en natuurlik dat hy lelik is.
- Hy het die mense vermaak, maar hy het ook met die takelwerk gewerk – dalk selfs as akrobaat?
- Enige geskikte antwoord, bv.: Ja, dit beskryf dat hy soos 'n aap gelyk het en 'n mens kan dit goed voorstel.
- Hy het snaakse dinge gedoen.
- Hy het baie geld gemaak vir sy baas.
- Enige geskikte antwoord, bv.: 'n Mens hoef nie soos ander mense te wees nie. OF Behandel ander soos jy self behandel wil word. OF Moenie ander mense oordeel nie, want jy weet nie wat in hulle lewe aangaan nie. Om jou nie te steur aan wat ander mense van jou dink en sê nie.
- Sy ma is sterwend.
- Hy het na sy ma se sterfbed gegaan.
- Hy het vir haar gesorg.
- Hulle was afsydig en het hom geïgnoreer.
- "afsigtelike", "kromheid", klere wat "gaar" is, "kabouter"
- Enige geskikte antwoord, bv.: Nee, ek dink nie dit is reg om iemand te spot net omdat daardie persoon anders lyk nie.

Geen respekte – Susan Smith

1. Dit titel suggereer dat dit hier om iets of iemand gaan wat dink dat hulle nie gerespekteer word nie. Die bome dink dat die voëltjies hulle nie respekteer nie.
2. Dit speel langs 'n rivier af, want daar word van 'n "oewer" gepraat en daar is ook palmiete wat net by water groei.
3. Hulle praat "booms".
4. Hulle kan nie glo dat die voëltjies so in hul takke sit en raas nie.
5. Hulle het nie toestemming gevra om daar te wees nie. Hulle maak die bome se hare deurmekaar sonder toestemming.
6.
 - a. Enige van "booms", "flertsend" of "sketterend"
 - b. "rumoer van oewerbos"/"flertsend en sketterend"
 - c. "met hul hande in hul hare" of "en palmiete/praat die oewerbome"
 - d. Enige van "praat die oewerbome", "met hul hande in hul hare", "hul kapsel"
7. Sommige vinke het rooi borsies. Dit kan dus letterlik na die voorkoms (*appearance*) van die vinke verwys. Op figuurlike vlak kan dit beteken dat die vinke baie raas. Hulle kele kan dus brand van die geraas.
8. Hulle maak hul hare deurmekaar, want hulle speel sonder toestemming in die takke.
9. Enige geskikte antwoord, bv.: Ek dink hulle tree net soos ou tannies op wat nie wil hê dat jong mense ook die lewe moet geniet nie.

hartbreek – Susan Smith

1. Die hart is die setel van 'n mens se gevoelens. Haar hart is gebreek. Dit beteken dus dat haar liefde nie beantwoord is nie en dat sy hartseer was. (*broken heart*)
2.
 - a) 'n Jong skoolmeisie
 - b. Nee, want die spreker is nog op skool en die digter is 'n volwasse vrou.
3. In die skool, want sy praat van "ry" en pouses en "huistoetyd se klok".
4. Strofe 1: Sy sien die ou raak en bewonder hom.
Strofe 2: Sy sien hom weer en beseft sy is verlief.
Strofe 3: Ná skool sien sy hy het 'n meisie, want hy raak-raak aan haar hand.
5. Progressie in die tyd en progressie in haar gevoel vir die ou.
6. Onwaar, want hy weet dalk nie eens wie die spreker is nie. Hy en die meisie is dalk lankal saam.
7.
 - c. Prikkel van een sintuig om 'n ander sintuig te ervaar.
 - d. "jou hand soos 'n amperfluister"
9. Leerder se respons, bv.: Ja, want 'n tienermeisie kan so maklik verlief raak.
10.
 - a. Leerder se respons, bv.: Huis toe gegaan en op haar bed gaan lê en huil.
 - b. Leerder se respons om eie reaksie te beskryf.

Ouveldstorie van die Khoikhoi – Susan Smith

1. "kleinoumatjie"
2. Hy het verbygangers om die bos gelei en hulle in 'n gat laat val.
3. Hy het vir Ga-Gorib 'n les geleer sodat hy in sy eie gat geval het.
4. Ga-Gorib, want hy lyk soos 'n monster en skreeu: "gooi! gooi!"
5. Ekstra inligting word oor "kleinoumatjie" gegee.
6. Ja, want haar oë was skrefies, haar mond gerimpeld van al die plooië.
7.
 - a. **g**-klank
 - b. Dit is 'n harde en kras klank wat by Ga-Gorib pas./Dit herhaal die klanke in sy naam.
 - c. Enige voorbeeld, bv.: "het langs 'n diep gat in die grond gesit"

8. Dit maak die gedig vloeiend soos 'n verhaal wat iemand vertel.
9. Ja, want daar word 'n verhaal met 'n begin en 'n einde vertel.
10. Leerder se respons, bv.: Ja, want die voorvaders het daarvan gehou om stories te vertel en het natuurverskynsels deur middel van stories probeer verklaar.
11. Leerder se respons, bv.: Om hulle bang te maak./Om hulle te laat lekkerkry omdat Ga-Gorib sy verdiende loon gekry het (boontjie kry sy loontjie).

Taalvrae (idiome)

12.

Ek het 'n gat deur my bed geslaap.	Lank slaap. (<i>Sleep until the sun is high in the sky.</i>)
'n Gat vir iemand grawe en self daarin val.	Iemand in die moeilikheid wil laat beland, maar self in die moeilikheid kom. (<i>Be hoist with one's own petard.</i>)
Alle gate en hoeke deursoek.	Oral soek. (<i>Look in every nook and cranny.</i>)
Iemand 'n gat in die kop praat.	Iemand ompraat. (<i>Cajole someone into doing something.</i>)
Ek moet nou gate toestop.	Skuld betaal. (<i>Plug a hole.</i>)
Iets gate uit geniet.	Iets besonder geniet. (<i>Have the time of one's life.</i>)

13.

'n Klip in die bos gooi.	Reaksie uitlok deur iets ergs te sê. (<i>Set a cat among the pigeons.</i>)
Gaan klippe kap.	Tronk toe gaan. (<i>Go to jail.</i>)
Klippe kou.	Swaarkry (<i>suffer</i>)
So kwaad wees dat jy klippe kan kou.	Woedend wees. (<i>Be furious</i>)
Vir iemand 'n klip uit die pad rol.	Vir iemand 'n guns bewys. (<i>Do someone a favour.</i>)
'n Klippie in die skoën.	Iets/iemand wat irriteer/pla. (<i>A thorn in the flesh</i>)
Soos 'n klip slaap.	Baie vas slaap. (<i>Sleep like a log.</i>)
Stadig oor die klippe!	Moenie oordryf nie/wees versigtig. (<i>Hold your horses.</i>)

Die boodskapper – Peter Snyders

1. Dit is die aandster of die planeet Venus.
2. Hy praat van die "aandster" (versreël 1) en ook van "aandklas" (versreël 10).
3. 'n Gedagte is vinnig. Dit klink asof hy dink dat sy naby is. Op letterlike vlak kan dit beteken dat hy voel sy is by hom as hy aan haar dink.
4. Sy is in die aandklas.
5. Dit is 'n simbool van vastigheid en van konstante liefde.
6. Die aandster is eintlik die planeet Venus, wat na die Romeinse godin van die liefde vernoem is.
7. Die briefie het 'n soentjie aan die buitekant.
8. Dit simboliseer 'n soen en dus liefde.
9. Sy is besig en kan nie nou met hom praat nie./Dalk is hy bang om direk met haar te praat.
10. Enige geskikte antwoord, byvoorbeeld: Ek sou vir haar 'n SMS gestuur het.
11. a) soos b) jy c) uit d) knipoog e) steek

Volklied van Suid-Afrika – Enoch Sontonga en C.J. Langenhoven

1. Die hemel/lug, die see, die berge.
2. c. Die berge sal altyd daar wees.
3. Groot, steil rotse
4. a. Sewe lettergrepe, maar versreël 9 het agt lettergrepe.
b. Ja, dit is dieselfde, afgesien van versreël 9 wat een ekstra lettergreep het.
c. Dit veroorsaak dat daar 'n vaste ritme is.
5. Dit is klankryk, het 'n ritme en bevat herhaling. Dit is ook gevoelvol.
6. Dit was oorspronklik twee verskillende liedere waarvan gedeeltes geneem en as 'n nuwe lied gebruik is.
7. Leerder se respons met motivering.
8. Leerder se respons

dakloos – Carina Stander

1. 'n Hut, die kinders se speelplek, 'n karavaan, 'n sinkgehuggie, 'n kasteel, kerke, woonstelblokke, herberg, tuine
2. verwysing na die seisoene/deur rymwoorde
3. Die klem val op die tyd van die dag, maar dit is in die meervoud en dus elke dag.
4. Om die versreëls tot een gedagte te bind.
5. "bedags", "terwyl", "sal u", "u sal", "en na", "keer . . . terug", "midnag", "daarna", "winters", "somers"
6. a. 'n Kerk wat nie vir almal toeganklik is nie, waar almal nie welkom is nie.
b. Leerder se respons, bv.: Na kerke wat net ingestel is op geld en nie die mense se siele nie.
7. Onwaar, hy is dakloos.
8. Ja, want dit is op almal in die wêreld van toepassing.
9. Leerder se respons met motivering. Hierdie antwoord sal afhang van die leerder se geloof.
10. Leerder se respons met motivering.

Kleurblind – Carina Stander

1. "kleurblind" sê dat 'n mens nie kleur sien nie. Die twee mense in die gedig is van verskillende rasse en daarom verskillende kleure. Dit maak nie saak in hulle verhouding nie.
2. Hulle het mekaar "heel terloops" (versreël 2) ontmoet.
3. Daar kom 'n verduideliking na die dubbelpunt.
4. Die eerste gedeelte handel oor die ontmoeting tussen die twee geliefdes. Die tweede gedeelte gaan oor die begin van die verhouding.
5. Die uiterlike verskille tussen die twee geliefdes is nie meer belangrik nie.
6. Hulle het dalk nie geweet wat besig is om te gebeur nie of hulle het nie voorbeelde gehad van wat om te doen in hierdie tipe situasie nie – hulle is moontlik geleer dat dit "onnatuurlik" is.
7. Dit bind die laaste twee versreëls tot 'n eenheid, soos wat die twee persone 'n eenheid is.
8. Die boodskap is dat almal mense is, ongeag hulle velkleur.

Die nuwe kind – Pieter Strauss

1. Die titel sê: "Die nuwe kind".
2. In die registerklas, die speelgrond en die kunsklas.
3. Personifikasie
4. Dit beklemtoon die kontras tussen die nuwe kind en die ander kinders.
5. a. skaam en verleë (*bashful*)
b. Dit staan in die bevoorregte posisie (eerste woord) en daar is herhaling van klanke tussen hierdie woord en die rymwoord.

6. baie sosiaal: Nee, hy is stil en bedees en altyd eenkant.
stil: Ja, want hy praat skaars en knik net sy kop. Hy gesels ook nie met die ander kinders nie.
grapkas: Nee, hy is skaam
kunstig: Ja, want dit is net in die kunsklas wat hy blom.
7. Die spreker praat van "jou".
 - a. Nee, nie regtig nie. Miskien praat hy in sy gedagtes met hom.
 - b. Hy maak dit meer persoonlik en betrek die leser.
8. Dit beklemtoon die besit-aspek en die verwydering tussen die spreker en die nuwe kind: ons meneer, nie jou meneer nie.
9. Dit beklemtoon die gedagte aan 'n toekoms wat onbekend is.
10. Lees die riglyne vir 'n nuwe kind wat in "Die gedig in konteks" gegee word.
11. a. Leerder se respons, bv.: Hy het reg opgetree, maar kon dalk probeer het om met die ander kinders kontak te maak.
12. b. Leerder se respons met motivering.
13. Leerder se respons met motivering.

Lyndans – Corlietha Swart

1. Dit handel oor 'n sonsverduistering.
2. Dit verwys hier na die skaduwees wat die maan oor die aarde gooi tydens gedeeltelike en algehele sonsverduisterings.
3. Dit sal nooit ophou nie.
4. Die son, maan en aarde.
5. Die maan se skaduwee wat op die aarde val tydens 'n sonsverduistering. (Die son en maan is nie planete nie, die aarde is wel.)
6. Dit is iets wat nie dikwels gebeur nie. Wanneer dit gebeur, is dit ongelooflik.
7. Die wisselwerking tussen die son, maan en aarde word as 'n dans beskryf.
Die hele gebeurtenis word as 'n teaterstuk beskryf.
8. Dit vind net een keer elke 350 tot 360 jaar plaas.
9. "laat sy donker spoor aardlinge ademloos wag" (versreël 5)
10. "Meet die drie in die lyndans krag" (versreël 5).

By die robot in eerstelaan – Marita van Aswegen

1. Die leser kan die prentjie visualiseer, want dit is gewoonlik waar die bedelaars in ons land staan.
2. Versreël 27: " 'mammie hy's blind, piep 'n dogtertjie sag"
3. "twee pare"
4. "blikkie"
5. Twee keer
6. Die tsotsi is 'n lid van 'n a) bende wat die b) blinde man hiernatoe gebring het sodat hy geld moet c) bedel. Hulle weet die mense sal hom jammer kry en dan vir hom geld gee. Hy het nie 'n keuse nie en moet die heeldag staan en bedel. Hy is baie d) bang vir hulle, want hy sal nooit weer by sy huis uitkom nie. Wanneer die motoriste vir hom e) geld in sy f) blikkie gooi, vat die man dit en koop vir homself g) drank.
7. Waar: "nog"
8. Die woord "klingel" in strofe 7 sê vir die leser dat die geld in die blikkie val en dit is voorbeeld van klanknabootsing.
9. Inversie word in versreël 17 gebruik om die sin anders te maak.
10. "sy hart klop vinnig soos dié van 'n kind" is 'n voorbeeld van 'n vergelyking.
11. "as die dood hom tog net wil kom haal" is 'n voorbeeld van personifikasie.

12. Leerder se respons: Ja, want dit is byvoorbeeld bekend dat straatkinders in lande soos Indië gebruik word om geld vir sindikate in te samel.
13. Leerder se respons, bv.: Ja, want ons gee graag en kry hulle jammer./Nee, want hulle koop net drank of verdowingsmiddels daarmee.
14. Leerder se respons, bv.: Ja, want ek het al gesien dat hulle gestremdes in rolstoele rondstoot om geld te bedel – so 'n persoon sal nie uit sy eie die heeldag in die son sit nie./Nee, ek dink hulle doen dit vrywillig, want somtyds gee die mense vir hulle ook kos.

In die hoëveld – Ernst van den Heever

1. Dit is die naam van 'n plek/streek.
2. 'n Boer het sy plaas verlaat om op die myne te gaan werk. Hy het nie geld gehad om verder te boer nie. Hy verlang na sy plaas en hoop om terug te kan gaan. Hy is egter siek/het dalk toring. Hy sal dalk nooit kan teruggaan nie, omdat hy sal sterf voordat hy genoeg geld het.
3. Hy kom van 'n plaas op die Hoëveld af, want hy sê sy "huisie" staan daar.
4. Hy is in 'n myn.
5. Hy probeer om genoeg geld te maak om weer te kan gaan boer.
6. Die plaas is oop en wyd, terwyl die myn nou is./Op die plaas is hy vry, terwyl hy in die myn nie vry is nie.
7. Moontlike antwoorde: Hy droom van die plaas./Hy droom om op sy perd te ry./Hy droom van die blou lug./Hy droom van sy huisie./Hy droom van die bokkies wat op die grafte speel./Hy droom van die plekke waar hy as kind gespeel het.
8. Die ritme boots die beweging van die gras, die bokkies en die perd na.
9. Hy het met kleiosse gespeel.
10. Die spreker praat van die "gange van die myn hier" (versreël 5).
11. Dit wys sy emosies, want hy verlang, maar dit is ook werklik klein.
12. Die "laaste fluit" dui die einde van 'n skof aan. Hier kan dit op figuurlike vlak wys dat dit einde van 'n lewe is en nie net die einde van 'n skof nie.
13. Enige geskikte antwoord, bv.: Ja, hy sê dat "die toring kwaai word" (versreël 13). OF: Nee, hy sê nie dat hy toring het nie, maar dat hy dit dalk kan kry. Hy kan dus na die ander mynwerkers verwys.

Die hardloper – Ernst van Heerden

1. Hy neem deel aan 'n wedloop/resies.
2. Die spreker gebruik die woord "sou". Dit is 'n hulpwerkwoord wat op moontlikheid (*possibility*) dui.
3. Sy hart klop vinnig en sy bloed word warm.
4. Dit is nie lekker om te hoor (te besef) nie.
5. Een van:
Dit is ironies dat die tweede persoon as 'n "makker" beskryf word, want hulle is nie maats nie. Die woord "spanmaat" is ironies, want hierdie spanmaat is vreemd. As 'n mens werklik saam in 'n span is, dan behoort jy jou spanmaats te ken.
6. Hy sal eendag die wedloop verloor./Hy sal eendag doodgaan of oud word.
7. "wilde", "suiwer", "rappe", "heet", "snelle", "streng". Dit vertel vir ons dat hy vasberade (*determined*) is en gedissiplineerd (*disciplined*).
8. Die gedig begin aan die begin van die wedloop. Die hardloper is nog nie die wenner nie, maar hy sal dit wees. Daarna beskryf dit die fisieke uitwerking van die wedloop op die hardloper en sy ambisie. In strofe 4 verdiep dit van 'n beskrywing van 'n hardloper na 'n universele boodskap. Aan die einde van die gedig besef ons dat dit nie hier net oor 'n wedloop gaan nie, maar ook oor die wedloop van die lewe.
9. Die hardloper is aanvanklik baie seker van sy saak en van sy eie vermoëns. Hy is sterk en twyfel nie. Vanaf strofe 4 begin hy egter besef dat hy nie altyd so sterk sal wees nie en dat ook hy sal oud word of doodgaan.

10. Dit kan nie 'n werklike spanmaat wees nie, want die persoon sou dan nie vreemd gewees het nie. Dit is dus 'n metafoor vir die ouderdom of die dood, want ons moet almal oud word of sterf.
11. Dit boots die ritme van die hardloper na. In strofe 4 verander die ritme soos wat die hardloper begin twyfel aan sy eie vermoëns.
12. Enige geskikte antwoord, bv.: Ons elkeen neem deel aan die resies van die lewe, maar uiteindelik sal die dood oorwin.
13. atleet

Status update – Fanie Viljoen

1. Dit verwys na iemand wat wag op 'n "status update" van sy vriend (wat beteken hy is gereed om te gesels), maar dit verwys ook na die "jou" se status wat verander het – hy/sy is dood.
2. a. Op Facebook en met 'n SMS.
b. Om seker te maak die persoon kry die boodskap.
3. Die persoon kan nie glo dat sy/haar vriend dood is nie en hoop dat daar tog 'n boodskap gaan kom en dat alles net 'n nare droom was.
4. Hierdie gedig is 'n voorbeeld van intertekstualiteit omdat dit na aanleiding van 'n koerantberig geskryf is.
5. Om te beklemtoon hoeveel keer hy/sy al probeer het.
6. Ja, want die persoon weet alreeds die antwoord. Dit beklemtoon net die hartseer/verlange.
7. Leerder se respons, bv.: Meisie, want in *Verskuns* is daar 'n illustrasie van 'n meisie./Seun, want die persoon praat van "mater", en dus is dit 'n seun.
8. Die ander kant van die lewe – die dood.
9. Leerder se respons.
10. Leerder se respons.

Die ruiter van skimmelperdpan – A.G. Visser

1. 'n Onbekende, vluggende man wat doodgemaak is en nou by die Skimmelperdpan spook.
2. Die man, sy perd en sy vrou.
3. Die pan is in 'n kloof geleë en die pad loop na die Skimmelperdpan. Dit was oorlog en die man het voor die vyand gevlug. Hy wou by sy huis uitkom. 'n Bom het die man se kop met geweld afgeskiet voordat hy daar kon kom. Hy probeer nog steeds elke nag om by sy bestemming (*destination*) uit te kom. Dan jaag hy en sy perd verby terwyl sy vrou skree hy moet ophou en tot rus kom.
- 4.

Strofe 1	Inversie
"Sal daar nimmer 'n einde kom . . . altyd maar weer die galop . . . die galop . . . die galop?"	Herhaling
"val sy plat soos 'n lyk"	Vergelyking
" <u>st</u> yf en <u>st</u> ram <u>s</u> it die ruiter"	Alliterasie
"kom 'n vreeslike skrikbeeld gevaar"	Metafoor

5.

"waai en huil soos 'n kindjie wat kerm"	Sintuiglike waarneming (hoor)
"met die skuim in wit vlokke wat waai uit sy bek"	Sintuiglike waarneming (sien/visueel)
Versreël 16	Inkeping
"Sal daar nimmer 'n einde kom . . . altyd maar weer die galop . . . die galop. . . die galop?"	Retoriese vraag
"Dis geen plek vir 'n Christenmens daar in die nag langs die pad na Skimmelperdpan!"	Enjambement

6. Dit is 'n aaklige klank tussen huil en lag.

7. a. Waar, want die gedig verwys na "by die newelige lig van die maan!"

b. Waar, "Want by middernag waai daar 'n wind deur die kloof,/waai en huil soos 'n kindjie wat kerm"

8. Leerder se respons, bv.: Ja, want dit is nie meer 'n mens nie, dit is 'n afgryslike ding./Nee, dit was haar man lank gelede.

9. Leerder se respons met motivering.

Toetse: Moontlike antwoorde

TOETS 1

Vraag 1

Die tweeveg – Breyten Breytenbach

1. swaarde (1)
2. "sugtend" (1)
3. Waar, want hy verwys na "ek": "En ek trek my swaard . . ." (1)
4. C. Wees gereed om jouself te verdedig. (1)
5. 5.1 vlakke
5.2 letterlik
5.3 swaardgeveg
5.4 figuurlike
5.5 gevoelens
5.6 klanke
5.7 klanknabootsing (7)
6.

	Kolom A	Kolom B	
6.1	"die son trek sy wolke stywer om sy skouers"	personifikasie	
6.2	"ek trek my swaard blink soos 'n proefbuis"	vergelyking	
6.3	"en hef sy swaard op, 'n versteende paling in die lug"	metafoor	(3)
7. Dit is klanknabootsing van die spreker se geluid as die swaard deur sy gorrel steek. (1)
8. Die spreker kan nie praat nie en dink net. (1)
9. Op figuurlike vlak is dit universeel, want alle skrywers en digters sukkel soms om hulleself in woorde uit te druk. (1)
10. 10.1 "Kleng"
10.2 "tjeng tjang"
10.3 "Kleng tjeng" (3)
11. Leerder se respons met 'n rede en voorbeeld, byvoorbeeld: Ja, in ons klas is daar leerders wat pragtige opstelle skryf sonder om hard te probeer, terwyl ander dit nooit regkry nie. (2)

Vraag 2

Luisterswaeltjies – T.T. Cloete

1. Swaeltjies wat mense se telefoongesprekke afluister. (2)
2. enjambement en rymwoorde (2)
3. 3.1 C. tipografiese wit (1)
3.2 Om aan te dui dat dit die einde van 'n gedagte is. (1)
4. mense (1)
5. noorde (1)
6. "brom" (1)
7. "welige" (1)
8. Hulle trek agter die mense se drome aan. (1)
9. Leerder se respons wat redelik is. (1)
10. Leerder se respons met motivering. (1)

TOTAAL: 35

TOETS 2**Ken jy die see . . . – Uys Krige**

1. monoloog (1)
2. Die leser/die persoon wat vis kom koop en kla dit is te duur. (1)
3. vissers waag hulle lewens (1)
4. "blinkgeskuur" (1)
5. "bulderende wind" (2)
6.

6.1 "Hy vreet mos aan jou ingewande nes 'n krap"	vergelyking	(6)
6.2 "Hul slaap aldrie agter die kerkhofmuur"	eufemisme	
6.3 "kliphuis, klam"	alliterasie	
6.4 "sleep die swart, swart wind die swart nag mee"	herhaling	
6.5 "kom tromp-op"	assonansie	
6.6 "die vis is duur . . ."	ellips	
7. 7.1 "Hy wat met groen jaloerse oë na ons gluur" (1)
- 7.2 Ja, want groen is die kleur van jaloesie en die see is soms groen. (2)
8. Dit is iets kleins wat jy verkeerd doen. Leerderantwoord bv.: Wanneer jy 'n storm nie reg lees en padgee nie. (2)
9. Sy het al haar kinders verloor/en dit het haar verstandelik aangetas. (2)
10. Lees die refrein.
 - 10.1 die vis is **nie** te duur nie (1)
 - 10.2 Party mense betaal met hulle lewe om die vis te vang/hulle moet baie ontbeer en deurmaak. (1)
 - 10.3 Ja/Nee, leerder se respons. (1)

Vraag 2**Reiniging? – Franci Greyling**

1. 1.1 Om skoon te word/van jou sonde skoongewas te word. (1)
- 1.2 'n Retoriese vraag – word 'n mens gereinig of besmet/besoedel as jy in sulke vuil water gedoop word? (1)
2. Naby Carletonville en Randfontein (2)
3. Sy het gesien hoe 'n priester mense by die Wonderfontein doop. (2)
4. "dompel" (1)
5. 5.1 "anderkant" (1)
- 5.2 "slik" (1)
6. 6.1 Dit kan kanker of ander siektes veroorsaak. (1)
- 6.2 aa-asonansie (1)
7. Leerder se respons met motivering, byvoorbeeld: In groot stede is dit nog veilig, maar nie altyd op die platteland nie. (1)
8. Leerder se respons, byvoorbeeld "almal wat genoem is": Elkeen het 'n plig om te sorg dat ons land skoon bly. (2)

TOTAAL: 35

TOETS 3

Vraag 1

'n Mite – Kobie Korf

1. 1.1 Nelson Mandela
 - 1.2 tronk
 - 1.3 harde arbeid
 - 1.4 gevlug
 - 1.5 gevang (5)
2.

Kolom A	Kolom B
"aan't"	elisie
"David Motsamayi"	skuilnaam
"swart pimperl"	bynaam

 (3)
3. 3.1 Na Nelson Mandela se verhaal wat soos 'n mite klink. (1)
 - 3.2 Dit is 'n verhaal oor 'n held wat buitengewone daade gedoen het en dit reggekry het om 'n nasie te verenig. (1)
 4. Almal was lief vir hom en het hom gerespekteer – ook diegene wat voorheen teen hom gekant was. (1)
 5. 'n Gevangenis/tronk op 'n eiland waar politieke gevangenes vroeër opgesluit was. (1)
 6. 6.1 p-alliterasie, die ellips aan die einde, binnerym (president tot parlement) (3)
 - 6.2 Dit vertel van Nelson Mandela se opgang. (1)
 7. 'n Uitroep van blydschap. (1)
 8. Dit is alleenplasing en word so beklemtoon. Die inkeping sodat die woord in die middel van die reël staan, wys figuurlik hoe mnr. Mandela die middelpunt van ons land was./Leerder se antwoord. (2)

Vraag 2

pryslied – Antjie Krog

1. Nelson Mandela (1)
2. 10 Mei 1994 (1)
3. 3.1 'n Lied wat tradisioneel gesing word om eer aan 'n leier te betoon. (1)
- 3.2 Dit besing die leier se belangrikste eienskappe/biografiese inligting/geslagsregister. (1)
4. 4.1 Onwaar, hare kan nie van houtskool wees nie. (1)
- 4.2 Waar – volgens versreël 6 en 7.
5. C "die swart pimperl"
D "legendaries is hy" (2)
6. 6.1 "die sleepsel van sy blare lê wyd".
6.2 Leerder se respons, byvoorbeeld: Ja, dit is 'n goeie beskrywing, want wanneer jy 'n groot tak sleep, sien jy die sleepmerke wyd uitgestrek lê – netsoos iemand se invloed. (2)
7. Versreël 4 (1)
8. Umkhonto we Sizwe (1)
9. Versreël 17 en 20/3 en 9 (1)
10. Versreël 28 (1)
11. Leerder se respons, byvoorbeeld: Ja, want die mense ken en eer hom die wêreld oor/hy is die beste leier wat ons nog ooit gehad het. (2)

TOTAAL: 35

TOETS 4**Vraag 1****Wetenskapmannetjies – Antjie Krog**

1. 1.1 "Julle" is die "wetenskapmannetjies" en "ons" is die spreker en mense wat soos sy dink. (2)
- 1.2 "Julle" sit onder 'n teleskoop en is dus besig met formules en nuwe ontdekkings – hulle vind uit *wat* aangaan en *waaruit* alles bestaan. Die "ons" sit op 'n windpomp en bewonder die sonsondergang – kyk dus hoe *mooi* alles is. (2)
- 1.3
- 1.4 Die een groep hou die heelal dop en die ander die mooi sonsondergang. (1)
- 1.5 Die een groep kyk hoe alles saamgestel is en die ander groep kyk na die mooiheid van alles. (2)
2. 2.1 Elisie: "as 't" (1)
- 2.2 Paarrym: "ligjare" en "ware" (1)
- 2.3 Enjambement: versreël 5 en 6 (6)
3. Sy gebruik inversie om die woord eerste in die versreël te laat staan. (1)
4. "verskroei" (1)
5. 26% (1)
6. 6.1 Waar, want sy hou daarvan om na die mooi dinge te kyk. (1)
- 6.2 Waar, versreël 20 tot 21 (1)
7. Leerder se respons met motivering. (1)
8. Leerder se respons met motivering. (1)

Vraag 2**Eksamenlokaal – Suzaan Laing**

1. Leerders skryf eksamen daar. (1)
2. Strofe 1: die toesighouer loop tussen die banke deur.
Strofe 2: Leerders blaai vervaard rond.
Strofe 3: Leerders skryf hulle antwoorde.
Strofe 4: Die tyd stap aan.
Strofe 5: Die toesighouer neem die vraestelle in. (5)
3. "klik"/"tjoepstil" (1)
4. "bewe"/"wit"/"inkwarboel" (1)
5. (3)

Kolom A	Kolom B
5.1 "Die horlosie tel twee ure af."	personifikasie en alleenplasing
5.2 "Sy stap stadig en oes die stelle een vir een."	metafoor en alliterasie
5.3 "soos sy op en af stap tussen rye tjoepstil banke"	personifikasie en enjambement

6. Ja, vanaf die begin van die eksamen tot die vraestelle ingeneem word. (1)
7. Leerder se respons met motivering (1)

TOTAAL: 35

TOETS 5

Vraag 1

Klara Majola – D.J. Opperman

1. 1.1 dogtertjie
- 1.2 Bokkeveld
- 1.3 vader
- 1.4 skemer
- 1.5 blind
- 1.6 soek
- 1.7 verdwaal
- 1.8 verklum (8)
2. Herhaling (6x), plaas dit aan die begin van 'n versreël waar dit eerste gelees word, herhaling van die a-klank in Klara se naam (assonansie). (3)
3. 3.1 die woorde te beklemtoon
- 3.2 klem op die laaste versreël te plaas. (2)
4. "maar" (1)
5. Dit begin waar sy na haar pa gaan soek en eindig waar sy self verdwaal. Progressie in tyd/gebeure. (1)
6. kruisrym (1)
7. Dit beklemtoon dat sy klein was en help met die kl-alliterasie wat Klara se naam beklemtoon. (2)
8. "kapok" (1)
9. vergelyking (1)
10. Leerder se respons, byvoorbeeld: Sy het uit warmte en liefde vir haar pa na hom gaan soek en toe verklum. Haar liggaam was koud, maar haar hart warm. (1)
11. Sy wou keer dat haar pa verdwaal en verklum, toe gebeur dit met háár. (1)
12. Leerder se respons met motivering. (1)
13. Leerder se respons met motivering. (1)

Vraag 2

hartbreek – Susan Smith

1. Die spreker s'n (1)
2. Sy het 'n ou voor eerste pouse gesien en verlief geraak. Teen die einde van die skooldag sien sy egter hy het klaar 'n meisie en toe weet sy sy het geen kans nie. (2)
3. "net voor eerste pouse", "teen tweede pouse", "huistoetyd se klok" (3)
4. D Klem op die tyd te plaas. (1)
5. (3)

5.1 "het my hart finaal/ in jou klipiebruinoë verdwaal"	personifikasie en enjambement
5.2 "my sonderasemstil geskok"	metafoor en alliterasie
5.3 "jou hand soos 'n amperfluister/ om haar pinkie vou"	sinestesie en vergelyking

6. Leerder se respons met motivering. (1)

TOTAAL: 35

TOETS 6**Vraag 1****By die robot in Eerstelaan – Marita van Aswegen**

1. Aan die blinde bedelaar en die tsotsi (2)
2. 2.1 Onwaar, die tsotsi dreig om hom daar te los. (1)
- 2.2 Onwaar, hy is regtig blind, want hy val en struikel as hy loop en hy het “dowwe oë” (1)
- 2.3 Onwaar, die tsotsi gee nie eens vir hom kos nie, want hy is baie honger. (1)
- 2.4 Waar, sy bene is lam van die vorige dag se staan. (1)
3. 3.1 “gedwee” (1)
- 3.2 “swik” (1)
- 3.3 “lêplek” (1)
- 3.4 “stukkende” (1)
4. 4.1 “tjier”/“dreun” (1)
- 4.2 “hy ruik die vis-en-tjipswinkel van eerstelaan”/“en sy asem ruik na bier” (1)
5. 5.1 kwatryn (1)
- 5.2 paarrym/ (kruisrym in strofe 6) (1)
6. ‘n Verkeerslig/’n masjien wat geen emosies ervaar nie en net doen wat sy hanteerder van hom verlang. (2)
7. Leerder se respons, byvoorbeeld: versreël 9, 11–12, 24, 32. (1)
8. Leerder se respons met motivering. (1)

Vraag 2**Die ruiter van Skimmelperdpan – A.G. Visser**

1. Leerder se respons, bv: Daar is ‘n afkopman wat op ‘n perd jaag terwyl sy vrou gil en neerval. Hy spook daarna by Skimmelperdpan. (3)
2. Om middernag (1)
3. Stylmiddele: (5)

Kolom A	Kolom B
“waai en huil soos ‘n kindjie wat kerm”	sintuiglike waarneming (gehoor)
“met die skuim in wit vlokke wat waai uit sy bek”	sintuiglike waarneming (sien/visueel)
Versreël 16	inkeping
“Sal daar nimmer ‘n einde kom . . . altyd maar weer die galop . . . die galop . . . die galop?”	retoriese vraag
“Dis geen plek vir ‘n Christenmens daar in die nag langs die pad na Skimmelperdpan!”	enjambement

4. “waansinnige” (1)
5. alliterasie/enjambement (2)
6. Leerder se aanhaling en motivering (2)
7. Leerder se respons en motivering. (2)
8. Nee, dit is nie universeel nie, want dit vertel van ‘n spesifieke plek en gebeurtenis. (1)

TOTAAL: 35

